



Die Nasionale Kredietwet en die Nasionale Kredietreguleerder



the dti
 Departement:
 Handel en Nywerheid
 REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

1

Nasionale Kredietwet

Wet Nr. 34 of 2005

Die doel van hierdie Wet is om die sosiale en ekonomiese welvaart van Suid-Afrikaners te bevorder, deur die bevordering van 'n regverdige, deursigtige, kompeterende, volhoubare, verantwoordelike, doeltreffende, effektiewe en toeganklike kredietmark en-industrie asook beskerming van verbruikers.

TOEGESTEM daartoe deur die President op 10 Maart 2006

Aanvangsdatum: 1 Junie 2006

Die Wet vestig 'n Nasionale Kredietreguleerder wat verantwoordelik is vir opleiding, registrering van industrie deelnemers, verwyssings na die Nasionale Verbruikerstribunaal vir toepaslike sanksies, bevordering van informele resolusies van dispute, ondersoek van klagtes en om die Wet af te dwing.

Doelwitte van die Nasionale Kredietwet

- Om 'n regverdige en nie-diskriminerende markplek vir verbruikerskrediet te skep, algemene regulering van verbruikerskrediet en verbeterde standaarde van verbruikersinligting te handhaaf;
- Om swart ekonomiese bemagtiging en eienaarskap binne die kredietindustrie te bevorder;
- Om sekere krediet en krediet bemarkingspraktyke te reguleer;
- Om verantwoordelike kredietverskaffing bevorder en vir daardie doel om roekelose kredietverskaffing te voorkom ;
- Om voorsiening te maak vir herstrukturering van skuld in gevalle van oorbelading;
- Om inligting van kredietburo's te reguleer;
- Om voorsiening te maak vir registrasie van kredietburo's, kredietverskaffers en skuld voorligtingsdienste;
- Om nasionale norme en standaarde betreffende verbruikerskrediet te vestig;
- Om 'n standvastige raamwerk in band met verbruikerskrediet, te implementeer en te bevorder;
- Om die Nasionale Kredietreguleerder en die Nasionale Verbruikerstribunaal te vestig;
- Om die Woekerwet, 1968, asook die Wet op Kredietooreenkomste, 1980, te vervang en om voorsiening te maak vir toevallige verwante kwessies.

2

Sleuteleienskappe van die Nasionale Kredietwet

- Die taal in krediet ooreenkomste moet eenvoudig en verstaanbaar wees;
- Kwotasies moet vir alle krediet ooreenkomste gegee word en is bindend vir 5 werksdae;
- Reklame en bemarking moet voorgeskrewe inligting met betrekking tot die koste van die krediet, bevat;
- Kredietverkope by 'n individu se huis of werk word streng beperk;
- Redes moet gegee word indien 'n krediet aansoek afgekeur word;
- Outomatiese verhoging van kredietlimiete word gereguleer;
- Roekelose kredietverskaffing word verbied;
- Rente en diensfooie word gereguleer op alle ooreenkomste, insluitend mikrolenings;
- Kredietburo's word gereguleer en verbruikers het die reg op 'n gratis kredietburorekord een maal per jaar;
- Skuld voorligtingsdienste is bekendgestel om herstrukturering vir verbruikers wat oorbelaai is.

Wat is die rol van die Nasionale Kredietreguleerder?

Die Nasionale Kredietreguleerder moet:

- Die kredietmark navors en toegang tot krediet asook koste van krediet monitor, ten einde faktore te identifiseer wat die toegang tot krediet kan benadeel,
- Klagtes ontvang en ondersoek en verseker dat verbruikers se regte beskerm word, en
- Die Wet toepas en aksie neem teen instansies wat dit oortree.

Wat is die Nasionale Verbruikerstribunaal?

Die Tribunaal is 'n afsonderlike instansie wat onafhanklik van die Nasionale Kredietreguleerder is. Die Tribunaal bestaan uit 'n Voorsitter en ten minste 10 ander lede.

Die Tribunaal hoor sake van oortreding van die Wet en kan die volgende sanksies opleë in terme van Seksie 150 van die Wet :- opskorting of kansellering van die geregistreerde **entiteit** se registrasie, die terugbetaling aan verbruikers van enige buitensporige bedrae wat gehef was, boetes uitreik en voorsien regstellings aan verbruikers, ens

3

Huishoudelike Maandelikse Begroting

Inkomste			
	Verwagte	Werklike	Verskil
Salaris			
Spouse Salary			
Bonus			
Rente			
Inkomste uit beleggings			
Total			
Uitgawes			
Huur/Huislening			
Versekering			
Brandstof/Diens			
Bankkoste			
Kruideniersware			
Klere			
Versorging van kinders			
Elektrisiteit			
Vermaaklikheid			
Lening			
Spaargeld			
Medies/Tandarts			
Telefoon			
Totaal			

Hoe om die Nasionale Kredietreguleerder te kontak ?

- **Tolvry:** 0860 627 627 of 0860 NCR NCR
- **Registrasie kwessies:** (011) 554 2600
- **E-pos:** vir navrae info@ncr.org.za or vir **Algemene Klagtes** complaints@ncr.org.za or vir **Skuldberadingsklagtes** dccomplaints@ncr.org.za of om 'n **Werkswinkel** aan te vra workshops@ncr.org.za
- **Webtuiste:** www.ncr.org.za

4

Hoe verkry verbruikers bystand?

Verbruikers kan die Nasionale Kredietreguleerder (NKR) nader vir advies of bystand oor enige krediettransaksie wat resorteer onder die Nasionale Kredietwet. Die Nasionale Kredietreguleerder kan verbruikers ook bystand met kwessies wat in verband hou met kredietburo's of kredietinligting en kredietvooringting.

Verbruikers kan ook die volgende instellings kontak wat spesialiseer in spesifieke soorte klagtes:-

- **Die Ombudsman vir Bankdienste** hanteer klagtes wat verband hou met banke;
- **Die Kredietinligting Ombudsman (0861 662 837)** hanteer klagtes in verband met kredietburo's of kredietburo inligting;
- **Provinsiale Verbruikersaangeleenthede Direkorate** hanteer algemene verbruikersklagtes.

Die Nasionale Kredietreguleerder koördineer tesame met die die Provinsiale Verbruikersaangeleenthede Direkorate, die Ombudsman vir Bankdienste en die Kredietinligting Ombudsman, ten einde om te verseker dat effektiewe bystand aan verbruikers verleen word.

Watter transaksies resorteer onder die Wet ?

- Lenings en ander krediet van banke, insluitend verbande, oortrokke fasiliteite, kredietkaarte, voertuigfinansiering en enige ander persoonlike finansiering;
- Meubelfinansiering, klererekenings en enige ander tipe krediet van handelaars;
- Mikrolenings en pandtransaksies;
- Enige ander tipe

Wat beteken die nasionale kredietwysigingswet vir u as verbruiker?

The Nasionale Kredietwysigingswet (Nr.19 van 2014) en Regulasies, spreek verskeie kwessies aan, insluitend:

5

Die voortgesette verwydering van opbetaalde negatiewe inligting

- indien u skuld ten volle opbetaald is, moet die kredietverskaffer binne 7 dae na u betaling, hierdie inligting bekend maak aan alle geregistreerde kredietburo's.
- kredietburo's moet alle negatiewe inligting verwyder binne 7 dae, nadat hul die inligting van die kredietverskaffer ontvang het, dat u skuld ten volle opbetaald is, ontvang is.
- indien die kredietverskaffer versuim om inligting oor opbetaalde skuld van 'n verbruiker op te dateer, kan die verbruiker 'n klag in dien by die Nasionale Kredietreguleerder.

Nuwe voorgestelde kriteria vir evaluasie van bekostigbaarheid

Wat is bekostigbaarheidsevaluering?

- Dit is 'n evaluering of toets wat deur die kredietverskaffer gebruik om te bepaal of 'n verbruiker in staat is om krediet te bekostig en dat die verbruiker dit kan terugbetaal sonder om oorbelaas te raak. Die kriteria vir bekostigbaarheidsevaluering is van toepassing op alle transaksies en moet deur kredietverskaffers nagevolg word.
- Kredietverskaffers is verplig om 'n behoorlike bekostigbaarheidsevaluasie te doen voordat krediet toegestaan word.
- 'n Verbruiker is verplig om behoorlike bewyse te lewer en bekendmaking te maak aan die kredietverskaffer sodat die kredietverskaffer die bekostigbaarheidsevaluering akkuraat kan uitvoer.
- Die kredietverskaffer moet praktiese stappe neem om te verseker dat die verbruiker die regte, verpligtinge, risikos en koste wat verband hou met die kredietooreenkoms, verstaan.

Ten einde die verbruiker se finansiële posisie behoorlik te evalueer, moet die kredietverskaffer:

- Die verbruiker se bruto inkomste, statutêre aftrekkings, minimum lewenskoste en ander skuld verpligtinge, in ag neem..
- Bankstate of salaris adviesstokies vir drie maande aanvra (oorspronklike dokumente of gesertifiseerde afskrifte).

6

- Die verbruiker se skuld betalingsgeskiedenis in ag neem.
- Hierdie navraag binne 7 werksdae uitvoer voordat krediet goedgekeur word of 'n bestaande kredietlimiet verhoog word, of binne 14 werksdae vir huislenings.

Indien die verbruiker nie tevrede is met die uitslag van die evaluering nie, kan hy/sy 'n klag lê by die kredietverskaffer en na dit kan die verbruiker die klag eskaleer na die NKR indien hy/sy ontevrede is met die uitslag van die kredietverskaffer se proses.

Verbod op die verkoop en insameling van voorgeskrewe "ou" skuld.

Voorgeskrewe of "ou skuld" is wanneer:

- Die kredietverskaffer vir die laaste 3 opeenvolgende jare u nie gedagvaar het vir hierdie skuld nie;
- U vir die laaste 3 opeenvolgende jare nie die skuld deur mondelingse- of skriftelike kommunikasie erken het nie; en/of
- U nie enige betaling of belofte van betaling gemaak het ten opsigte van die uitstaande skuld nie.

Let op dat: Indien daar aan bogenoemde voorwaardes voldoen word, dan word die skuld geag as voorgeskryf. U word nie wetlik verplig om die skuld terug te betaal nie en die skuld kan ook nie weer geaktiveer word nie.


Wat is u regte?

- U het die reg om bewyse aan te vra en te ontvang, van wanneer die laaste paaiement op die skuld betaal was.
- U het die reg om bewyse aan te vra en te ontvang of 'n dagvaardiging al ooit vir die skuld uitgereik was.
- U het die reg om die skuldinvorderaar in te lig dat u nie wetlik verplig is om die skuld te betaal nie aangesien dit voorgeskryf is.
- Indien u die skuldinvorderaar ingelig het dat die skuld voorgeskryf is en u nie wetlik verplig is om dit te betaal nie, moet die skuldinvorderaar onmiddellik staak om u te kontak.

Sou u die slagoffer van 'n skuldinvorderaar wees wat u gedurig kontak om voorgeskrewe skuld in te vorder of u teister of boelie selfs nadat u hulle ingelig het dat die skuld voorgeskryf is, kan u 'n klagte lê by die NKR.

7

Maak altyd seker dat u kredietverskaffers alle koste rakende die krediet aansoek, openbaar.



Vir meer inligting bel 0860 627 627 | www.ncr.org.za